**Dít was, inderwaarheid, ons almal se oorlog ...**

**Klaas Steytler, *Ons Oorlog: 'n Familieroman uit die Anglo-Boereoorlog***
Tafelberg, Kaapstad, 2014
264 pp
ISBN 978-0-624-06848-8
R200.00

Klaas Steytler se familieroman, *Ons Oorlog*, handel oor sy familie se wedervaringe tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog (1899-1902), en is 'n wesenlike toevoeging tot die immer groeiende versameling Afrikaanse literatuur rakende die impak van die oorlog op die Afrikaanse samelewing. Die eerste uitgawe van *Ons Oorlog* verskyn het in 2000 verskyn, waarna 'n tweede uitgawe in 2014 uitgegee is. Deur middel van familie-oorvertellings, en die gebruikmaking van familiegeskiedenis en geskiedenisboeke, neem Steytler die leser deur 'n boeiende, tog troebelagtige, deel van Suid-Afrika se geskiedenis.

Die Havenga-Steytler-Sanders-Visser families se aktiewe deelname aan die oorlog, sowel as hul verskeie wedervaringe gedurende die typerk, vorm die kern van die boek. As sodanig raak mens gou bemoeid met die lot van die klompie Vrystaters, insluitende Jan Visser en sy gesin van die plaas Tweefontein naby Fauresmith; Magdalena Sanders en haar dogters van Fauresmith; Klasie Havenga van die plaas Uitdraai naby Koffiefontein; asook die jonge Maxie Sanders wat as sekretaresse in Bloemfontein werk. Deur middel van die bogenoemde hoofkarakters, word 'n mens mettertyd bekend gestel aan die sekondere karakters wat 'n uiters belangrike, dog subtiele, rol in die boek vervul. Hulle sluit, onder andere, weerlose Boervroue en -kinders in konsentrasiekampe, Boere-generaals en krygers, hendsoppers en joiners, verraaiers, Kaapse rebelle en Britse offisiere in. Die mees noemenswaardige onder die heet: genl. J.B.M. Hertzog, kmdt. S.G. Vilonel en maj. Sir H.J. Goold-Adams. Tog wonder 'n mens menigmaal oor die gouedraad wat al hierdie karakters bymekaar uitbring. Hierdie draad is rondom die kern - die oorlog - verweef uit die uiteenlopende ervaringe van die karakters. Die absolute brutaliteit van oorlogvoering, en die se impak op alle fasette van die samelewing, word geboekstaaf in *Ons Oorlog*. Die genialiteit van Steytler se skryfstyl is dat hy ondermeer humor, angs, hartseer en woede laat saam vloei in 'n teks wat die leser van begin tot einde boei.

Die skrywer maak melding van 'n wye verskeidenheid bronne wat hy geraadpleeg het, insluitende die volgende geskiedskrywinge rakende die Tweede Anglo-Boereoorlog: F.A. Steytler se optekeninge in die Hertzog-annale van Desember 1957; C.R. de Wet se *De Stryd Tussen Boer en Brit* (1902); P.H. Kritzinger se *In the Shadow of Death* (1904); A.M. Grundlingh se *Die "Hendsoppers" en "Joiners"* (1979); en die boek *Steytler: 'n Beperkte Geneologie* (1985). Elsa Joubert, Klaas Steytler se weduwee, het wel aan 'n Netwerk24-joernalis, Willem de Vries, verduidelik dat die skrywer telkemale meer vlees aan sy karkaters moes bou as wat daar noodwendig in

die familie se oorlewering was.[1] Die skrywer se vermoe om die geskiedskrywing en familie-oorvertellings aan te vul met sy eie verbeelding en skrywersvernuf, verdien vermelding. Dus word byvoorbeeld die karakter van Jan Visser, wat werklik berou gehad het oor die eerste keer dat hy 'n jong Engelse soldaat moes skiet, verromantiseer in die van 'n heldhaftige boerekryger wat nie skroom om sy familie te beskerm teen buitensporige Britse militere aggressie nie. Die karakters in *Ons Oorlog* word weliswaar lewending in die teks, soveel so dat die leser af en toe onwillekeurig meegesleur word in 'n warrelwind van emosies. Dit is opmerklik hoe Steytler, deur sy skryfstyl in die familieroman, homself doelbewus as skrywer in die agtergrond laat verdwyn, en dan die oorspronklikheid en geloofwaardigheid van elke karakter gebruik om inderwaarheid hul eie rol in *Ons Oorlog* te vertel. Dit is egter primer die noukeurige navorsing oor elke karakter wat Steytler se werk 'n ekstra diepte gee.

Die titel van die boek laat die leser telkemale wonder of die oorlog dan net die Havenga-Steytler-Sanders-Visser families s'n was. Tog kom dit gou na vore dat *Ons Oorlog* die Tweede Anglo-Boereoorlog op vele meer vlakke aanspreek as bloot 'n familiegeskiednis. 'n Mens besef opnuut in *Ons Oorlog* dat die impak van die oorlog groot dele van die Suid-Afrikaanse bevolking beinvloed het. Steytler bring die geweldige impak wat die Tweede Anglo-Boereoorlog op die Afrikaner-samelewing gehad het tuis, en 'n mens skroom nie om met tye te wonder oor jou eie familie se lot gedurende die oorlog nie. Na oorlewering het elke Afrikaner familie erens 'n staaltjie rakende hul betrokkenheid in die oorlog, familielede op kommando, vrouens en kinders in konsentrasiekampe, plase wat verwoes is en hendsoppers en joiners te vertel. Steytler kry dit reg dat die lot van die Havenga-Steytler-Sanders-Visser families meteens almal se lot word. Alhoewel die meeste van die karkaters in Steytler se boek wit, Afrikaanssprekende mense is, spreek *Ons Oorlog* ook, tot 'n mindere mate, die rol van anderskleuriges in die oorlog aan. Die leser wonder straks oor die lot van 'n aantal van die anderskleuriges wat in *Ons Oorlog* na vore kom: die weerlose doofstom huishulp van Margaret Sanders wat agterlaat word in Fauresmith as die familie konsentrasiekamp toe gestuur word, die twee Griekwa-soldate wat Oom Ben van Vuuren se huis help plunder en afbrand, asook die menigte families wat geen heenkome meer gehad het na die Britse owerhede hul "verskroeideaardebeleid" begin toegepas. 'n Mens herontdek dan dat oorlog nie noodwendig kleur raaksien nie, en dat die Tweede Anglo-Boereoorlog 'n groot aantal Suid-Afrikaners uit verskillende kulturele agtergronde, se lewens beinvloed het.

Ten spyte daarvan dat die skrywer heelwat deeglike navorsing gedoen het rakende die Tweede Anglo-Boereoorlog, het *Ons Oorlog* hier en daar 'n geskiedkundige haakplek of twee. In 'n onlangse resensie van die boek spreek Fransjohan Pretorius 'n paar van die mees opvallende geskiedkundige foute aan, naamlik: genl. C.R. de Wet was nooit by die slag van Magersfontein betrokke nie; en kampskole was eers vanaf Februarie 1901 gestig in die Britse konsentrasiekampe.

[1] W. de Vries, "'Ons Oorlog': Steytler se Laaste Roman 'was vir hom 'n Odussee'", Netwerk24, 12 Junie 2014.

Ten spyte van hierdie kritiek stem die meerderheid van Steytler se feite ooreen met die werklikheid, en word *Ons Oorlog* dus meer as net 'n blote familieroman.[2]

Klaas Steytler se boek, gekenmerk deur 'n vloeinde skryfstyl en goeie navorsing, is voorwaar 'n uitmuntende Anglo-Boereoorlog familieroman wat belowe om iedere leser op 'n reis deur ons nasie se geskiedenis neem. Die boek lewer 'n goeie bydrae tot die immer groeiende historiografie rondom die Anglo-Boereoorlog, en dus word die 2014 heruitgawe van *Ons Oorlog* verwelkom. Steytler se boek word hoog aanbeveel vir alle bellangstellendes in die impak wat die Anglo-Boereoorlog op die Suid-Afrikaanse samelewing gehad het.

*Evert Kleynhans*
*Universiteit Stellenbosch*

[2] F. Pretorius, "Steytler se Oorlog 'ons almal' s'n", *Rapport*, 26 Julie 2014.